

Skriflesing: Esegïël 25:1-7

Teks: **Esegïël 25:2-3**

Sing- Ps. 105:1,23; Ps. 19:7; Ps. 126:2; Ps. 89:7

Eze 25:1 En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê:

Eze 25:2 Mensekind, rig jou aangesig teen die kinders van Ammon, en profeteer teen hulle.

Eze 25:3 En sê aan die kinders van Ammon: Hoor die woord van die Here HERE. So spreek die Here HERE: Omdat jy ha, ha! geroep het oor my heiligdom, omdat dit onheilig is, en oor die land van Israel, omdat dit verwoes is, en oor die huis van Juda, omdat hulle in ballingskap gegaan het—

Eze 25:4 daarom, kyk, Ek gee jou oor aan die kinders van die Ooste as 'n besitting, dat hulle hul laers in jou opslaan en hul wonings in jou maak; hulle sal jou vrugte eet, en hulle sal jou melk drink.

Eze 25:5 En Ek sal Rabba 'n weiveld maak vir kamele en die kinders van Ammon 'n lêplek vir kleinvee, en julle sal weet dat Ek die HERE is.

Eze 25:6 Want so sê die Here HERE: Omdat jy in die hand geklap en met die voet gestamp het en bly was met volle veragting in die siel oor die land van Israel—

Eze 25:7 daarom, kyk, Ek strek my hand teen jou uit en gee jou as buit vir die nasies, en Ek sal jou uitroei uit die volke en jou uit die lande verdelg; Ek sal jou vernietig, en jy sal weet dat Ek die HERE is.

Skriflesing: Esegïël 25:1-7

Teks: **Esegïël 25:2-3**

Sing- Ps. 105:1,23; Ps. 19:7; Ps. 126:2; Ps. 89:7

Geliefdes tot in Maart 2011 het ons met 'n reeks preke uit Esegïël gekom tot Esegïël 24. Ja, broeder en suster Esegïël 24 was inderdaad die afsluiting van die eerste deel van een van die groot profete van die Here. As ons dan wel nou weer amper 3 jaar later hierdie reeks hervat is dit dalk nodig om maar weer daardie eerste klomp preke te gaan lees, hulle is wel nog op ons webwerf op skrif bymekaar.

Dit is wel vandag baie belangrik om te weet wie met die profete van die Here te doen kry, met hulle staan ons in die wêreld baie groter as net Israel. Die profete kan inderdaad internasionale figure genoem word. Daar is 'n universele karakter aan elke ware profet gebind. Hulle woorde oorskry nie net tydsgrense nie maar ook landsgrense. Dit gaan oor wêreld grense heen... dit oorskrei wêreld grense.

Tot aan die einde van Esegïël 24 was God hoofsaaklik met Israel en Jerusalem besig, die land Kanaän se verskriklike sondes, die ellende van die Here se volk was op geen onduidelike manier keer op keer afgeteken. Esegïël wat self in ballingskap moes gaan, hy wat verskriklik moes ly oor die sonde van sy eie volk. U kan dalk nog onthou hoe Esegïël die dood van sy eie vrou moes profeteer as aanduiding van die dood van hierdie volk van God. Ja, Esegïël 24 het ook die beeld gehad van hierdie is 'n volk met roes deurtrek. As roes eers in die staal

ingevreet het, wie sal dit weer daar kan uithaal. Daar is duidelike voorbeelde dat as 'n mens naby die see bly dan hou staal en yster nie. Alles wat staal is word eenvoudig met tyd weggevreet en opgevreet. Jy kan maar weet om by die see te bly is roes net so 'n groot werklikheid soos die see se water. So was die volk wat Esegïel teen moes profeteer geroes en ellendig, hulle moes in ballingskap weggevoer word. Met hulle was dit menslik gesproke verby! Jerusalem is verwoes wat alles dui op 'n oordeel en 'n einde wat verskriklik was.

Wanneer Esegïel 25 begin dan is dit nie meer Esegïel wat aan Israel hulle ondergang verkondig nie, nee dit gaan vanaf hfst. 25-32 oor die volke wat met Israel se smarte 'n houding inslaan van boontjie kry sy loontjie. Wanneer die bure van Israel in leedvermaak Israel oor haar ellende uitlag dan kan die volke maar weet hulle gaan met dieselfde God te doen kry as waarmee Israel te doen gekry het. Hier word op die einde sewe volke genoem. Die Ammoniete (waaroor ons Skriflesing in besonder oor handel) dan kom ook die Moabiete, die Edomiete, die Filistyne, Tirus, Sidon en Egipte. Op die einde is daar dertien Godsprake teen die sewe volke.

Wanneer die eerste drie volkse so saam in een hoofstuk Esegïel moet aanhoor dan gaan dit oor hulle wat nader aan Israel is, ja hierdie eerste drie volke is bloedverwant-volke. Ammon kom uit die geslag van Lot, Abraham se broerskind, Lot se dogters wat by hulle pa die lewe verwek het wat die begin was van die Ammoniete, ook die Moabiete, die ander dogter van Lot wat dieselfde as haar suster gedoen het, het die Moabiete daargestel en dan natuurlik die Edomiete, wat van Esau, die broer van Jakob afstam. Al staan hulle geneties biologies naby Israel weet ons dat die verbond van die Here is geen verbond met die gene en bloed van mense gesmee nie, niemand kan op grond van afstamming sy redding en kerk-wees bepaal nie. In terme van kerk-wees en kind van God wees is dit nie jou bloed, jou volk, jou status, jou rykdom wat kan bepaal wat jy voor God is nie. Dit is net Jesus Christus en alleen net Wie Hy is en wat Hy gedoen het, wat sal bepaal wie jy is waarheen jy op pad is.

Dit het die Ammoniete nie erken nie. Ja, hierdie mense uit die geslag van Lot toon aan ons dat hulle so naby aan Israel eintlik die gevaarlikste vyand van Israel was. Ons weet hoe Lot se dogters hulle al nie geskaam het vir wat in Sodom en Gomorra gebeur nie. So het die dogters vroeg reeds vir Abraham en Isak verstoot. Al was die Ammoniete baie keer geneig om vooraf vriendelike en mooi woorde te spreek was dit alles vals. Ja, Ammon die valsaards het met 'n vriendelike gelaat verskriklike haat teen Israel gedra. Ons weet ook uit die boek

Rigters dat Amon was toe ook van die eerste verdrukke van Israel . Die profeet Amos het die Ammoniete verwyte wat Gilead se swanger vroue oopgesny het om so die voortgang en die vermeerdering van Israel teen te werk. Ammon was deur 'n landhonger gedryf. Hulle soek net meer en meer grond. Wanneer Esegïel teen Ammon profeteer dan gaan dit oor die volk wat Israel uitlag in leedvermaak... *Omdat jy ha, ha! geroep het oor my heiligdom, omdat dit onheilig is, en oor die land van Israel, omdat dit verwoes is, en oor die huis van Juda, omdat hulle in ballingskap gegaan het—*

Wanneer Esegïel teen Ammon profeteer dan gaan dit oor hierdie gevaarlike bure wat Israel met hulle vriendskap masker meevoer. Daar was veral teenoor Juda 'n strategie gevolg dat Sedekia met hulle, teen Nebukadnesar moet saamwerk, ja met die vernuftigste politieke praatjies wat mos baie keer maar allerhande mooi kluitjies wil bak is daar 'n heerlike toekoms aan Israel voorgehou as hulle Ammon ondersteun. Daarteen het Jeremia gewaarsku, hoe kan Israel hulle deur die vroompraatjies laat mislei. Die feite is Sedekia het na Ammon geluister en is hulle deur hierdie valse skynheilige koalisie-stemme meegesleur. Hoe gevaarlik is jou vyand wanneer hy voorgee dat hy jou vriend is.

Toe die werklike ellende Israel tref toe wys Ammon hul ware aard. Met koordanse het hulle op die puinhope van Jerusalem hulle oor Juda se val en vernedering verheug. Nou maak Esegïel dit duidelik die volk wat hulle so oor die val van Jerusalem verheug moet weet, hulle hoofstad Rabbat sal net so 'n puinhoop word soos Jerusalem dit geword het. Hulle volk, hulle land sal die ellende nie gespaar bly waar hulle hul oor Israel se ellende wou verlekke nie. Rabba sal 'n weiplek vir kamele word, hulle kinders 'n lêplek vir kleinvee. Hulle sal uitvind met Wie hulle waarlik te doen kry. Dit gaan nie maar om Israel en die val van Israel en die lekkerte om jou in ander se leed te verlekke nie. Wie met so 'n houding deur die lewe gaan is met iets baie gevaarlik besig.

Ons wat vandag hierdie profesie lees, broeder en suster, pasop vir die politieke agendas en maniere waarop mense mekaar wil uitoorlê, slegmaak, vooroordele, dit alles net tot jou eie voordeel. Ons wat die Here in hierdie gedeelte met ons hoor praat moet besef al is Israel verkeerd, al gaan baie dinge in die Kerk van die Here verkeerd, moet die wêreld nie sy spel met die kerk wil speel en dink dit sal hulle voordeel bly nie. Wie God se verbond aanraak, al is die bondelinge in baie opsigte verkeerde mense, sulke mense raak steeds God se oogappel aan. God is lief vir sy kerk, God is lief vir wat Syne is, al is dié wat Syne is besig om die

oordeel van God hulleself oor te haal. Die belangrikste wat ons vandag moet besef dit gaan oor God Self. God Self beskerm wat Syne is, al is wat Syne is, sy Israel in die geval die verkeerde aangedaan maak dit nie dat die ander volke maar kan maak asof God nie sy eie kan beskerm en sy eer en sy liefde sal handhaaf nie.

Trouens, broeder en suster, dit gaan op die einde vir God nie om die beskerming van Israel nie, maar dit wat God hier ook aan ander volke openbaar is die beskerming van God wat Homself sal beskerm. Soos dit ook gestel word dit gaan nie om 'n liefde van God vir sy volk nie, maar God wat alleen God is, God het Homself lief. God sal sy eieliefde, sy eie eer, sy eie heerlikheid beskerm.

Ons is so geneig om God se liefde te wil vermenslik. Ja, hoe maklik dink mense dat wanneer ons praat van God is liefde, dan is dit eerstens 'n liefde wat God vir die mens het. So asof God net kan liefhê as daar mense is vir wie God lief moet wees. Asof daar nie gesê kon word God is liefde as daar nie mense was nie. God is liefde, is eerste 'n liefde wat God vir Homself het. Omdat God Homself uitermate lief het is dit 'n geval van God is liefde wat ons die liefde by God moet gaan soek, ons moet nie die liefde eerstens by ons en wie ons as mense is, wil kom soek nie. God se liefde is nie 'n liefde wat om die mens draai nie, maar dit draai om God.

Broeder en suster, die valse liefdesbegrip bring ons so maklik by 'n valse Godsbegrip. Wanneer daar na vandag se wêreld gekyk word, daar word baie geworstel oor hoekom daar verskriklike dinge in hierdie wêreld gebeur dan kom mense soos prof. Adrio König en vra- *God waarom lyk die wêreld so...* Worstelend, indringend maak König moeite om dinge te probeer verstaan oor die kwaad wat daar in die lewe is, hoe ons God se mag moet verstaan, die rol wat Satan speel. In van die grootste vrae gaan dit oor hoe God in ons lewens teenwoordig is, ja in baie opsigte gaan dit oor die voorsienigheidsleer.

Om God se voorsienigheid te verstaan moet ons God se mag verstaan en vooropstel. Ons kan nou in allerhande dogmatiese sake verwickeld raak van werk God met 'n harde mag, waar lê God se skeppingsmag, God het ook 'n oorredende mag, daar is God se lydende mag, ook God se helende en bevrydende mag wat help en red en genees en mense bevry en nuut maak. Waarom is God die Een met soveel mag? Ja, broeder en suster om dinge nog moeiliker te maak is daar ook die vraag na die vryheid van die mens. Is die mens se vryheid en God se

almag altyd met mekaar in stryd? Wanneer König hierdie moeilike sake bymekaarbring dan sê hy baie dinge waarmee ons nie kan saamstem nie, ja wat ons in die gedeeltes uit Esegïël sal kan weerlê. Dinge soos om te aanvaar dat God nie verantwoordelik gehou kan word vir sinlose lyding nie, dat God ook nie altyd sal kan doen soos wat God wil nie, dat God inderwaarheid met baie van die moeilike dinge in hierdie lewe ook vasbrand, dat God kry nie altyd alles reg nie.

Broeder en suster, ons kan nie hiermee saamstem nie, ons het ook beslis nie nou die tyd om op alles hier in te gaan nie, ons besef wel met wat ons in hierdie tweede hoofdeel van Esegïël baie duidelik mee te doen kry is 'n verstaan van God se liefde, ook hoe God se mag baie sterker is as wat ons dalk baie keer erken en besef. Dan nie soos König sê die hoofdoel van God se mag is om God se liefde te betoon nie, of word dit ook interessant raakgevat deur te sê dat die vryheid van die mens is die infrastruktuur van die liefde.

Die mens is eenvoudig nie so belangrik soos wat ons as mense gewoonlik wil maak ons is nie. God sou baie goed ook sonder ons God wees, sonder ons sou God se liefde en God se mag steeds kon wees, dit wat dit nou ook is. Dat God se mag en God se liefde wel tot ons strek en ook vir ons iets besonders beteken lê in die genade van God opgesluit en is beslis nie vanweë ons mens-wees of te danke aan ons mens-wees nie. Hoekom die wêreld so lyk is dan sekerlik nie eerstens 'n vraag waarin God verwyt kan word nie, maar dit is die mens wat moet vra waarom ons die wêreld so laat lyk soos dit tans lyk.

Ons gaan die volgende weke nog meer hierop wil ingaan maar ons besef hierdie tweede deel van Esegïël wat in hoofstuk 25 begin is nou wel harde oordele oor ander mense en ander volke, maar u moet besef vir Israel is dit alreeds die begin van genade. Daar is troos want Israel kan sy herstel al begin onderskei, dofweg en baie broos maar juis omdat Israel se vyande vernietig gaan word impliseer dit sal met die kerk, met die ware Israel tog ook beter kan gaan.

Ons sê weereens dit lê dofweg en baie broos, maar sou ons later kom by Esegïël 33 tot aan die die einde van Esegïël dan is dit 'n positiewe, 'n volle herstel, pragtige dinge wat rondom die herbou en herstel van die tempel ter sprake kom. Dit gaan alles heenwys en opbou na Christus, want op die einde is die tempel wat herstel is, nie 'n gebou wat op die grond staan nie, maar die ware tempel is Christus wat wel uit die grond herry's het, soos 'n nuwe gebou,

Hy het uit die dood opgestaan, maar Hy sou nooit vas kon wees aan wat die grond is nie, Hy is net vas aan Wie God is, aan Wie sy Vader is, na Wie Hy ook weer opgevaar het toe Hy met die dinge van die graf en die grond klaar was.

Al spaar God nie sy eie volk nie, al spaar God nie sy kerk nie, moet die ander buite die kerk ook maar weet moet nie dink om met die kerk te wil spot en daarmee te wil mors nie. Julle gaan julle teen Christus vasloop. God bly lief vir wie Syne is, God meet sy liefde aan Homself, aan sy eie Seun, God gee liefde ter wille van Homself, ter wille van sy Seun, op slot van sake is God, God ter wille van Wie Hy is en is Hy nie God ter wille van die mens, of ter wille van die geskape dinge nie. Dit is die groot Naam in wat Moses al gehoor het, Ek is wat Ek is... God is wat Hy is en sal nooit wees dit wat die mens van God wil maak nie.

Jerusalem, Juda het hulle vasgeloop omdat hulle God se liefde wou sien as God sal ons nie so hard staf nie, want Hy het ons te lief. Wie so redeneer is met valsheid besig, is met Ammon die valsaards mislei, want het die volke aan die buitekant van Israel mos geglo, as jy 'n volk militêr en polities kon oorweldig, dan het jy eintlik daardie volk se god gewen. So het hierdie buite volke ook oor die God van Israel wou dink. Net daar het hulle die grootste fout van hulle lewe gemaak, want die neerlae van Israel beteken hoegenaamd nie, dat God nou ook oorwin is en dat God eintlik 'n nederlaag gely het nie. Dit is juis nie die geval nie. Toe dit op Golgota lyk die neerlaag is gevel is die groot verskil dat wat daar gebeur het, die skynbare nederlaag het geword die oorwinning wat God alleen kon behaal. God oorwin waar ons nie kan oorwin nie. Dit moet iets van die geheim van jou en my lewe wees, ook die geheim van ons sterwe.

Daarom geliefdes kom ons sien uit na die res van Esegiël om elke keer te besef God se liefde lê geweldig diep, dit lê in Homself, ter wille van Homself. Tog werk dit universeel, Esegiël is 'n duidelike profesie met 'n universele boodskap, ons gaan beslis in baie hoofstukke te doen kry, ook rondom die ander 6 volke wat nog vir ons voorlê, met God se vrymag, sy beskikkingsreg, Hy wat uitverkies Wie Hy wil kies. Hy het Abraham gekies nie Lot nie, al het Lot volke kon word, die Ammoniete, die Moabiete, maar hulle kon nie word dit wat die blywende vrug by Abraham was, wat Isak verder gevat en Jakob uitgevat het nie. Dit is geweldig om te besef God is barmhartig oor Wie Hy wil.

AMEN